'n Spesiale versoek

5 Desember 2008

Met Kersfees word ons herinner dat die liefde en genade van God lewend geword het in Jesus Christus – die Seun van God wat mens geword en tussen ons kom woon het. Dié onverdiende Geskenk van Kersfees is een van die redes waarom ons ook vir mekaar geskenke gee met Kersfees. Jaarliks word miljoene rande bestee aan geskenke wat ons dikwels nie nodig het of selfs wil hê nie.

to care nooi jou uit om hierdie jaar anders te wees en 'n verskil te maak! Gee 'n deel van wat jy aan geskenke sou bestee het vir mense wat dit regtig nodig het. Die bejaardes en kinders wat verstote en onversorg is. Die werklose en hawelose wat op jou en my barmhartigheid moet staatmaak om te oorlewe. Die nood is geweldig groot, maar so ook die hulpbronne! Al wat dit vra, is om dit waarmee ons geseën is, te deel met ander.

Betaal jou bydrae direk in by: **to care foundation, ABSA, takkode 634-156, reknr 407 1199 298**; of stuur dit aan: **Die to care foundation, Posbus 2368, PRETORIA 0001**. Merk dit met 'Kersfees: kinders/bejaardes/haweloses' of waar jy dit ook al wil laat aanwend.

Baie dankie aan elkeen wat hierdie jaar 'n bydrae gemaak het vir ons projekte. Mag Kersfees vir jou en jou huis geseënd wees!

Ds Johan Smit
Uitvoerende beampte: to care

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA

to care for vulnerable communities